# TRAUMA

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

-o0o-

‘n Mens hoor of lees daagliks van traumatiese gebeurtenisse, en daarom wil ek graag die volgende met julle deel:

Dit is belangrik om te onthou dat trauma nie ‘n gees is nie. Baie mense verwys na ‘n trauma-gees, maar dit is nie ‘n gees nie.

- Trauma is die SAAD van die gees van vrees wat hy in mense se lewens insaai wanneer hulle deur ‘n traumatiese ervaring gaan. Dit is hoekom dit so maklik is om dit vinnig te vernietig.
- Nog iets belangriks om te onthou, is dat al Satan se saad **dood** is. **Satan kan geen lewe voortbring nie**, want hy het geen lewe in hom nie. Hy is dood, hy is vernietig, hy is uitgeklee, hy is magteloos, kragteloos en gesagloos. Hy kan nie lewende saad saai nie, so hy saai dooie saad op jou grondgebied.

Jy het die lewe van Christus in jou, daarom het jy twee keuses: òf jy kan Satan se saad aanneem, òf jy kan dit verwerp. Wanneer hy so ‘n gebeurtenis in jou lewe laat bring, dan laat hy jou gewoonlik dink daaroor, mediteer daaroor, jy vertel dit uit ens. … met ander woorde jy gee dit grondgebied, jy gee dit lewe, jy aanvaar dit, en dan raak dit al moeiliker. Hierdie ding begin dan te groei en groter te word totdat jy mettertyd begin om daardie spesifieke plek waar jy die trauma ervaar het, te vermy. Jy begin die omstandighede te vermy, jy begin om jouself te isoleer ens. Hierdie ding begin nou om ‘n boom te raak en vrugte te dra. Dit kan lei tot depressie wat weer kan lei tot selfmoord.

Dit is nie iets wat oornag gebeur nie, dit moet groei. Dit is ook nie iets wat môre al sal begin vrug dra nie, en dit is hoekom ‘n mens met trauma, soos ek dit in die Vrymakingskursus behandel, onmiddellik moet reageer.

Dus, omdat dit dooie saad is, weier jy dit net. En dan kom die vraag: hoe hanteer ‘n mens dit, wat maak ‘n mens met hierdie saad?

Dit is dooie saad, jy weier dit, jy skei dit, en jy sê: ‘Here, in Jesus se Naam, verwyder dit nou van my grondgebied af, ek gee dit nie lewe nie, ek weier dit, verbrand dit nou met die vuur van God en was dit nou skoon met die Bloed van Jesus. Ek skei dit en ek gaan nie daardie saad aanvaar nie’. En nou kan jy dan aangaan met jou lewe.

Jy het nou die saadjie bo die grond gelos , dit laat weg was met die bloed van Jesus en dit laat uitbrand deur die vuur van God. Nou kan dit geen effek op jou lewe hê nie, dit is hoekom trauma so vinnig as moontlik reg hanteer moet word.

-o0o-